AfriForum wil nie in kleinlike gevegte wees

Kallie Kriel, uitvoerende hoof: AfriForum, skryf:

In omstandighede waarin die ANC hom op vele terreine aan magsvergrype skuldig maak, kan AfriForum en ander wat hierdie magsvergrype aan bande wil lê dit beslis nie bekostig om hul oog van die bal te neem en by kleinlike gevegte betrokke te raak nie.

Dit is dus jammer dat AfriForum in twee briewe wat op een dag in *Beeld* (23 Julie) verskyn by kleinlike gevegte ingesleep word. Dit doen afbreuk aan die positiewe rol wat AfriForum-Jeug gespeel het om Afrikaans by die Grootfontein-landboukollege te red.

Wat die brief "VF+ kaap AfriForum se sukses by kollege" betref, meld ek weer dat AfriForum buite die partypolitiek staan. Dit beteken in die praktyk dat AfriForum hom nie aan enige politieke party verbind nie

In die tweede brief, "Solidariteit is nie sonder geraamtes", skuil die skrywer agter 'n skuilnaam om Solidariteit te probeer diskrediteer deur 'n hele reeks valshede kwyt te raak. Ek volstaan deur dit weer op skrif te stel dat AfriForum besonder trots is om deel van die Solidariteit-beweging te wees.